DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

17 April 2022

Erediensteverandering

Ons herinner dat die erediensteverandering vanaf April tot September soos volg verander vir die winter, volgens die kerkkalender:

- Meditatiewe dienste – 08:00
- Oggenddienste – 09:30

BORG van die maand

FPG Makelaars

Unit 15, 102 Hole in the Wall, Main Road, Somerset-Wes

021 300 7033

lindie@fpgbrokers.co.za

083 415 0423

FPG Brokers (Pty) Ltd Makelaars (Edms) Bpk

Authorised Financial Services Provider / Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP No. 44116 Registration No. 2012/119852/07

Gebedsonderwerpe

- Almal wat ly onder die oorstromings in KZN, veral armes wat huise en besittings verloor het. Bid ook vir die nooddienste en hulporganisasies.
- Die mense van Afghanistan wat ly onder 'n onderdrukkende regering en geweldige hongersnood en werkloosheid. Bid vir Christene wat aktief vervolg word.
- Alle kerkleiers in ons land – bid vir 'n onverdeelde hart en die genade om te onderskei wat regtig saak maak en in belang van die Koninkryk is.
- Bid dat ons as Christene sal leef met aanvaarding en verdraagsaamheid teenoor almal – ook dié wat anders as ons lyk of dink, in die wete dat God se liefde en aanvaarding allesomvattend is.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

APRIL se deurkollektes

03 Apr: Alta du Toit skool
10 Apr: Gemeentebediening
10 Apr: Paassangdiens
15 Apr: Goeie Vrydag
17 Apr: Projek 22/23
24 Apr: Sinode: BADISA

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

Paassondag

Oggenddiens 09:30

"Jesus het opgestaan! Die graf is leeg. Hy het waarlik opgestaan." Baie welkom by ons opstandingserediens vandag. Die gróót rede waarom ons hoop het en met vreugde kan omgee en liefde leef, is omdat Jesus lewe en ons mét Hom. Mag die Here ons vandag seën en veral verheerlik word in ons saamwees. Die groot hoofstuk in die Bybel oor die opstanding, vind ons in 1 Korintiërs 15. Vandag neem die leesrooster ons na vers 19-26. Mag jy deur ons oordenking hiervan, geseën word.

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees. **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die erediensty d.

17 April – Geen meditatiewe diens

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender

Volgende geleentheid: 22 April 2022

Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Ons behandel James Bryan Smith se **"The Good and beautiful God"**.

Voorbidding

- **Hans Otto,** sterk tuis aan na operasie.
- **Annelie Oosthuizen,** rug-operasie(s).
- **Issie Heigan**, Spescare.
- **Corrie Swanepoel**, behandeling.
- **Lynette Dobson,** gesondheidsprobleme.
- **Danie & Stephanie du Plessis,** herstel na operasie(s).
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Chemie Prinsloo**, sterk tuis na hospitalisasie.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan na operasie.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdae

Oggende (2-weekliks):
20 Apr 10:00 - Patmos
Aande (weekliks):
20 Apr 18:30 - Patmos

Gebedsgroep

Woensdae

Volgende geleentheid
20 April om 09:00 - kapel

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!